It is right, and in my view, essential that the clinical departments of Veterinary Schools should also be centres of excellence to which veterinarians in practice refer cases for diagnosis, treatment and surgery. The clinical teachers should themselves be in the fore front of knowledge, should be acknowledged as consultants, and should be paid accordingly. Referred cases are an especial service of clinical material, of teaching value to the advanced undergraduate and the post graduate student. They are rarely of value for the teaching of basic principles or for the practice of surgical skills and, therefore, should be considered as additional and complementary to routine practice or clinic cases. There is the ever present danger that the clinical teacher regularly consulted by practitioner colleagues will cease to remember his first and foremost duty, to teach. It should be the task of his supervisors to provide a reminder when necessary.

Even with all these services, the flow of clinical material through the schools is unlikely to be sufficient in quantity and variety to provide satisfactory comprehensive clinical experience. Thus extra-mural tuition under proper overall direction is still necessary and perhaps essential. Each student and his or her needs should be considered separately.

Weakness with regard to species can be overcome by direction to a practice specialising in that animal. The farmers son may need further time in suburban practice, the town boy sent off to green fields and the problems of mastitis. Gaps in experience need to be identified and then, where possible, filled.

I have recently, as part of a small group, visited and inspected the clinical departments of all the veterinary schools in the United Kingdom, on behalf of my Royal College and during the tour certain facts came to our attention. Although both the final and penultimate years are reckoned to be the clinical years, effectively nearly all such teaching is confined to the last year before graduation. This is because para-clinical subjects intrude into the penultimate year together with examinations in these subjects. Human nature being what it is, students only concentrate on the hurdle immediately to be faced with other subjects coming a very poor second. Prior to this penultimate year the student, on average, will have received little or no clinical tuition, even in making and recording a proper examination of a patient. With notable exceptions the pre and para-clinical subjects are taught in isolation with little reference to the ultimate object of the exercise, a competent veterinary surgeon. (I, am, of course, fortunate that none of my colleagues who are teachers in these subjects are present for I am sure they would argue their case and cause with vehemence.)

In the final year, teaching is undertaken with enthusiasm and method but time is now very short and for the final term all eyes are set on the examinations to be passed rather than the knowledge to be gained. In most of our schools teaching is conducted in small groups, usually of six students and lectures are kept to a minimum. In some subjects specialists in their field teach their subject extremely well and most students are competent in radiology, opthalmology, anaesthesia and the theory of orthopaedic surgery, on graduation. Regretably the same cannot be said at present of the teaching of surgical skills, a subject which requires plenty of student time, staff time and case material, all of which is in short supply. Indeed we felt that time was the commodity in shortest supply and made recommendations hopefully to point the way to a solution to the problem. We felt that formel lectures had little place in the final year and that the essential lecture course should be completed before its commencement. We also felt that the current limitation of University teaching to the three normal University terms during final year should be superseded by a full year of clinical studies of say 48–50 weeks. During this time students individually or in groups could be seconded to specific practices or other Universities to complement their training. The University premises and its facilities, its clinic and veterinary practice and also the cases referred to its specialised clinical departments would then be utilised to the full and students would be involved for the whole year and, on rota, for 24 hours a day. Thus could commence their transition from undergraduate to practitioner.

I, personally, do not believe that even this change will swing the pendulum far enough for I am firmly of the opinion that the veterinary student should be in contact with clinical material from the outset of the course and that all the subjects taught, by whatever de-

partment of the University, should show relevance to the ultimate objective of a veterinary qualification and ability to practice veterinary surgery and medicine. This opinion is, I should add, mostly shared by the students but not by the University teachers. They have set their corporate face steadfastly against any such proposal. They are, however, beginning the accept the necessity for some basic clinical tuition before the student begins 'seeing practice' which means before the completion of the third year of the course. By then the student will in future, have been at least taught to make a proper clinical examination and to record his findings. From then onwards he will be encouraged and, indeed, required to keep records of his clinical experiences both within and without the University.

Consideration of the teaching of undergraduates and recommendations for improvement of the teaching must take into account the needs of the teachers. If, as I have suggested, the student is to receive more practical clinical tuition, much on an individual or small group basis, the staff student ratio must be reduced from the current level of 1 : 5 so that individual teachers have adequate opportunity and *time* for research, for meetings and congresses, for post graduate teaching and for gaining further clinical experience. It is, I believe, of paramount importance that University clinical staff should teach from their own practical up to date knowledge and experience and this is one of the main reasons why the veterinary school should receive a continual flow of the widest possible range of clinical material. It is also important that the clinical teachers have regular contact with veterinary practitioners and veterinary practices so that they remain aware of the changing problems their students will have on leaving University.

I have now put before you my thoughts and observations on clinical veterinary education, as I see it today, in my own limited experience, in my own country. I believe the position may be similar in other places. I believe most strongly that we all, both practitioners and teachers, have a duty to the next generations of veterinarians. With them lies our future and the future of our profession. We all have a part to play, a part which will be the most effective and beneficial and close ties are established and maintained between those who teach and those who practice.

BOOK REVIEW

BOEKRESENSIE

GUIDE TO HYGIENE AND SANITATION IN AVIATION

J. BAILEY, 2ND ED.

World Health Organisation, Geneva 1977
pp. 170, Figs. 37, Numerous Tables. Publ. Price Sw.fr.28

The present author has revised the 1st edition which appeard in 1960. The publication is intended for all those who are directly or indirectly concerned with ensuring the health of those who fly. With the steady increase in air traffic, this is a subject which will concern an increasing number of people as time goes on.

Detailed information pertaining to the health and hygiene aspects of aviation is presented under the following broad headings: food, water, liquid and toilet waste disposal, aircraft interior cleaning, cargo and vector control. A series of aanexes is included. These deal with such subjects as the characteristics of common food borne diseases, investigating food poisoning on board the aircraft, guide-lines for sanitary inspection of airports, drinking water quality and disinfection of water vehicle tanks, etc.

Although intended specifically for aviation circumstances, there is much in this soft cover booklet which is applicable to other situations in which food and water hygiene and vector control measures are applicable. Examples are the comprehensive tabulated summary of the important characteristics of food borne diseases (Annex 1) and Annex 5 which deals with the quality of drinking water.

L.W. vd. H.

Now MILVET makes the prevention and treatment of mastitis even easier. Call the man from MILVET

He'll tell you that Streptopen Dry and Milking Cow are effective against the majority of bacteria associated with bovine mastitis. And that Streptopen Dry and Milking Cow are now supplied by MILVET in disposable syringes.

Call the man from MILVET
Your business is his only business.



MILVET

Helping you help.

BBDO 0003

Milvet Ethicals (Pty) Ltd., 16 Willowton Road,
P.O. Box 936, Pietermaritzburg, 3200, telephone 41131

BESMETLIKE OORSAKE VAN PERINATALE VREKTES BY HERKOUERS*

J.A.W. COETZER en A.P. SCHUTTE

ABSTRACT: Coetzer J.A.W.; Schutte A.P. **Infectious causes of perinatal mortalities in ruminants.** *Journal of the South African Veterinary Association.* (1978) **49** No. 2 89–98 (Afr. en.) Vet. Res. Inst. Onderstepoort Rep. South Africa.

The advantages and disadvantages of the different diagnostic techniques e.g. pathological and microbiological studies, immunoglobulin and specific antibody determinations and fluorescent antibody studies in relation to these mortalities are discussed. The most important pathological lesions in the placentas and foetuses are described.

INLEIDING

Die eise wat tans aan die veeboer en veral aan die suiwelprodusent gestel word, is enorm. Daar behoort geen twyfel te bestaan nie dat slegs diegene onder hulle wat daarin kan slaag om die voortplantingsdoeltreffendheid van die herkouer optimaal ingestel te kry, dreigende ekonomiese aanslae sal kan trotseer.

Optimale produksie is alleen moontlik indien die faktore wat onvrugbaarheid, perinatale vrektes en neonatale verliese in die hand werk, streng beheer word. Ongelukkig is daar sekere besmetlike oorsake van onvrugbaarheid wat wesentlik diagnostiese probleme inhou en waaroor ook nog heelwat verwarring bestaan. Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat die etiologie van besmetlike onrugbaarheid met die minste versuim uitgewys moet word. Hiersonder is dit baie moeilik om beheermaatreëls te formuleer of om die eienaar van die korrekte advies te voorsien.

Dit word geredelik erken dat dit nie altyd moontlik is om 'n diagnose te maak nie – veral nie as die diagnose net op die afsondering van die veroorsakende organisme berus nie. Maar deur van meet af 'n meer omvattende ondersoek in te stel wat benewens 'n gedetailleerde post mortem-ondersoek van die fetus en vrugvliese en standaard mikrobiologiese prosedures ook histopatologie, kwantitatiewe immunoglobulien en spesifieke teenliggaampiebepalings insluit, kan veel meer vermag word. Enkele gedagtes in hierdie verband word weergegee.

Makroskopiese en histologiese ondersoeke[22 72]

Die gedetailleerde ondersoek van die fetus en vrugvliese kan dikwels inligting of leidrade verskaf wat die ondersoeker instaat sal stel om sekere mikrobiologiese prosedures te volg en sodoende die diagnose te vergemaklik.

Alhoewel dit soms moeilik kan wees om die weefselveranderinge soos met histopatologiese ondersoeke waargeneem, aan 'n spesifieke organisme te koppel, is daar tog dikwels letsels waar te neem wat as redelik spesifiek vir 'n besondere siektetoestand beskou kan word. Meer dikwels egter gebeur dit dat sekere van die makro- en mikroskopiese afwykings, alhoewel nie patognomonies vir 'n spesifieke organisme, wel as kenmerkend van 'n groep van organismes beskou kan word. Die histopatologiese veranderinge in verskillende organe beskou kan word. Die histopatologiese veranderinge in verskillende organe is gewoonlik niespesifiek en slegs 'n aanduiding of daar wel 'n besmetting plaasgevind het. Vir die betekenisvolle vergelyk moet word met die mikrobiologiese en serologiese resultate. Deur kennis hiervan te neem en spesifieke kleurmetodes en histochemiese tegnieke te gebruik, kan die veroorsakende organisme makliker geïdentifiseer word.

Dit is van die uiterste belang om ag te slaan op die tydsverloop tussen fetale afsterwing tot en met die ondersoek. Outoliese, veral gedurende die binnebaarmoederlike periode tree geweldig vinnig in en ook gouer in sekere organe as by ander. Dit gebeur dikwels dat outolitiese veranderings as letsels van besmetlike oorsprong gedokumenteer word. Hier word veral verwys na onderhuidse edeem, die aansameling van bloedkleurige vloeistowwe in liggaamsholtes, vervloeiing van die nierkorteks, die egalige rooibruin verkleuring van weefsels, versagting en gevlekte voorkoms van die lewer en die troebel inhoud van die abomasum. Dit is eweneens noodsaaklik om daarop te wys dat outolitiese veranderinge histologiese detail kan verbloem.

Die histopatologiese ondersoek moet nie net tot een of twee organe beperk word nie, maar 'n wye reeks van organe moet deurgaans ondersoek word. Dit dien hier ook vermeld te word dat indien die verwerping van die konseptus met die koorsreaksie in die moederdier saamval, die histologiese ondersoek dikwels negatief is.

Die normale makroskopiese voorkoms van sekere organe, die histologie asook die inflammatoriese reaksie van die fetus verskil tot 'n mate van die in die volwasse dier. Vir die sinvolle interpretering van die ondersoeker se bevindings is dit dus belangrik dat hy vertroud sal wees met die verskille.

Omrede die weefselveranderinge in die fetus dikwels niespesifieke reaksies is, is dit noodsaaklik dat vrugvliese saam met die fetus vir ondersoek aangebied moet word. Dit wil soms voorkom of die veearts nie altyd besef hoe belangrik vrugvliese vir die patologiese ondersoek en afsondering van patogene organismes is nie. Waar dit wel aangebied word is dit wenslik dat die plasenta deeglik ondersoek moet word omdat letsels nie altyd diffuus verspreid voorkom nie. Daar moet gelet word na die grootte en aantal kotiledons, die dikte van die interkotiledonweefsel, kleur en samestelling van die eksudaat, asook na die graad van outoliese wat teenwoordig mag wees.

Mikrobiologiese en serologiese ondersoeke

Die persoon wat ondersoeke na fetale verliese by die herkouer wil onderneem, moet goed onderlê wees in die standaard bakteriologiese, virologiese, protosoïese en mikologiese prosedures.

Finaliteit oor die etiologie van fetale afsterwing word slegs verkry na diepgaande ondersoeke en met die in-

*Referaat gelewer tydens die Wetenskaplike Kongres van die SAVV, Grahamstad, 1977

dentifikasie van die veroorsakende organisme. Ondervinding het geleer dat daar dikwels meer as een patogene organisme vanuit dieselfde fetus afgesonder kan word. Eweso dra dit veel meer gewig indien die mikrobiologiese resultate met die patologie, soos waargeneem, in verband gebring kan word. Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat die geskiedenis en siektebeeld wat van 'n kudde ingewin word dikwels onvoldoende is en selfs misleidend mag wees. Daarom is die enigste uitweg 'n deeglike en wye mikrobiologiese ondersoek.

Dikwels gebeur dit dat die veroorsakende organisme nie meer teenwoordig is wanneer die ondersoeke uitgevoer word, of dat die organisme nie die baarmoederskans deurgedring het en nie die fetus bereik het nie. In sulke omstandighede is dit wenslik om bykomstige materiaal van ander diere uit dieselfde kudde te bekom om die betrokke patogene organisme af te sonder. Sekere prenatale virusbesmettings (bloutongvirus, Akabane virus, mukosasiekte virus, natuurlike en geattenueerde Wesselsbronvirus en geattenueerde Slenkdalkoorsvirus) in herkouers affekteer die normale ontwikkeling van die fetale brein. Die teratologiese afwykings van die brein is egter 'n letsel wat oor 'n geruime tyd ontwikkel en in meeste van die gevalle is dit nie meer moontlik om die virus van die brein of ander weefsels af te sonder nie wanneer die fetus geaborteer of dood of lewendig gebore word. Indien die fetus immuunkompetent was tydens die besmetting kan spesifieke teenliggaampiebepalings op die prekolostrum serum in die gevalle van groot waarde wees. Die magdom van serologiese toetse wat vir die identifikasie van teenliggame aangewend kan word en die siektetoestande waarvoor ondersoek kan word, is welbekend. Die waarde van sommige van die toetse is egter beperk.

Die ondersoek van enkel serummonsters van die moederdier het weinig diagnostiese waarde en kan tot verwarring of selfs foutiewe diagnoses aanleiding gee. Gepaarde sera (versamel kort na aborsie en weer 3–4 weke later) hou veel meer waarde is. 'n Styging van die teenliggaamtiter kan dikwels as diagnosties beskou word.

Immunofluoresensie (FA) as diagnostiese hulpmiddel by ondersoeke na perinatale verliese het gedurende die afgelope dekade van besondere waarde geblyk te wees. Die spesifisiteit van hierdie metode is vergelykbaar met die konvensionele serologiese metode terwyl die sensitiwiteit van hierdie metode gewoonlik baie beter is. Immunofluoresensie bied die geleentheid om ondersoeke gou en akkuraat af te handel. Ondersoeke na *Leptospira* en *Mycoplasma* is sprekende voorbeelde. Die afsondering en identifikasie van hierdie organismes kan enkele dae in beslag neem, terwyl met die FA metode die diagnose binne enkele minute afgehandel kan word.

Die kwantitatiewe bepaling van fetale immunoglobuliene [7]
31 32 57 59 61 62 63 70 80 83

Dit is maar eers redelik onlangs dat die waarde van hierdie analises vir die diagnose van besmetlike oorsake van perinatale vrektes besef is en toetse in hierdie verband beslag gekry het.

Data hieroor is nog beperk en die gedokumenteerde gegewens is ook dikwels teenstrydig – veral met verwysing na die stadium van fetale ontogenie wat aan immuunkompetensie gekoppel kan word. Om die immunologiese respons van die fetus te verstaan, is dit belangrik om 'n goeie begrip te hê van wanneer die fetus immuunkompetensie of immuunvolwassenheid bereik. Drie faktore is hier veral belangrik nl. die spesie betrokke, die lengte van dragtigheid en die tipe antigeen. In die herkouer is dit bekend dat die fetus instaat is om immunologies te reageer teen verskillende antigene op verskillende stadiums van dragtigheid.

By die bees en skaap is met die verloop van tyd aanvaar dat geen transplasentale uitruiling van maternale immunoglobuliene (Ig) plaasvind nie en dikwels is dit dan ook gekonstateer dat die kalf en die lam in 'n agammaglobulienemiese toestand gebore word. Uit resente werk blyk dit nie heeltemal korrek te wees nie, aangesien uitsypeling van Ig vanaf die moederdier na die fetus wel kan plaasvind indien daar patologiese veranderinge in die plasenta is. Maar van groter belang is die feit dat die fetus ook Ig kan vervaardig.

Dit skyn asof IgM en IgG die belangrikste indikators van infeksie in die beesfetus is. IgM is die eerste Ig wat deur die fetus vervaardig word en verskyn tussen 125 en 135 dae van dragtigheid in die serum van die beesfetus. Hierbenewens kan IgM bevattende selle reeds op 59 dae van dragtigheid en IgG bevattende selle teen 145 dae van dragtigheid in die milt en limfkliere van die beesfetus gedemonstreer word.

Geen fetus is agammaglobulienemies nie, maar het 'n lae vlak van Ig al was die fetus nog nie spesifiek antigenies gestimuleer nie. Indien die fetus egter antigenies gestimuleer word is daar 'n styging van die Ig. Die volwasse beesfetus se normale waardes vir IgG en IgM word as 0,16 mg/ml en 0,2 mg/ml respektiewelik aangegee. Waardes van meer as 0,38 mg/ml kan 'n indikasie wees dat daar wel *in utero* besmetting van die fetus plaasgevind het.

Gedurende die afgelope jaar is hierdie tipe analises op 160 geaboteerde fetusse gedoen. Van die gegewens verkry is dit duidelik dat 33% van die 51 fetusse waaraan geen besmetlike oorsaak gekoppel kon word nie wel 'n styging in Ig gehad het.

Hierdie ondersoeke blyk veral van waarde te wees in gevalle waar virusse verantwoordelik was vir die abnormale ontwikkeling van die fetale brein en waar die veroorsakende organisme nie meer afgesonder kan word nie. Hierbenewens kan die verhoogde Ig waardes in die prekolostrumserum of breinvloeistof van hidranenkefalie gevalle dikwels as 'n indikator van besmetting gebruik word en is 'n geruime tyd voordat spesifieke teenliggame geproduseer word teenwoordig.

ERKENDE BESMETLIKE OORSAKE VAN PERINATALE AFSTERWING BY HERKOUERS

1. Virusaandoenings

Die opsigtelike fetale abnormaliteite in die mens wat aan virusblootstelling toegeskrywe kan word is wel bekend. Hierteenoor is die uitwerking van virusse in beeste en skape en sogenaamde onopsigtelike abnormaliteite van die pasgebore kalf en lam eers onlangs met mekaar in verband gebring.

Die vermoë van die virus om die konseptus nadelig te beïnvloed word beheer deur die inherente weerstand of vatbaarheid van die moederdier, die virulensie van die virus en die ontwikkelingsfase van die embrio of fetus.

Die graad van beskadiging wat die virus kan veroorsaak hou verbamd met weefseltropisme en virulensie. Die virus kan fetale afsterwing met verwerping teweegbring of retensie met verstening as gevolg hê. Sekere virusse (bloutong-, Akabane-, Wesselsbron- en mukosasiektevirus) met 'n lae virulensie en spesifieke tropisme vir ontwikkelende breinweefsel het dikwels porenkefalie, hidranenkefalie of serebellare hipoplasie tot gevolg indien die skaap- of beesfetus gedurende die kritiese periode (100–130 dae in die bees en 45–55 dae in die skaap) van breinvorming besmet raak. Hierteenoor kan dit gebeur dat dieselfde virus, wat die dier gedurende 'n meer gevorderde stadium van fetale ontwikkeling binnedring, slegs 'n geringe selreaksie uitlok. Die virusse kan net kort na besmetting gedurende die sensitiewe periode uit breinweefsel afgesonder word. Hierna is pogings tot virusafsondering meesal onsuksesvol.

Hierdie aspekte moet deeglik in oorweging geneem word indien virusblootstelling met perinatale verliese gekoppel word. Omrede virusafsondering nie altyd moontlik sal wees nie kan indirekte bewyse soos die teenwoordigheid van virusteenliggaampies in fetale of prekolostrumserum dalk van nut wees om 'n diagnose te maak.

Veertien verskillende virusse is al uit fetale weefsel en plasentas afgesonder. Virusse wat tot die adenogroep (bees adenovirus), die picornagroep (bees enterovirus), die paramyxogroep (parafinfluenza-3), die orbivirusgroep (bloutongvirus) en die togavirusgroep (Slenkdalkoorsvirus) tuishoort kan met vrugresorpsie, fetale verwerping of neonatale vrektes in verband gebring word. Die patogenese van hierdie virusaandoenings is, met die uitsondering van enkele, onvoldoende beskrywe. Die meer belangrike van hierdie kan as volg saamgevat word.

(a) Slenkdalkoorsvirus (SDK) [13 14 15 16 20 21 64 68 69 73 74 79 84]

Hierdie virus gee aanleiding tot 'n siektetoestand by veral herkouers en is al vir ruim 25 jaar in die Republiek bekend. Gedurende die periode 1974–1976, na buitengewone goeie reëns en gunstige weersomstandighede vir die uitbreiding van die muskietpopulasie, het die virus weer wydverspreid voorgekom en is ernstige verliese hieraan toegeskryf.

Groot verliese het veral by skape voorgekom waar soms soveel as 90% mortaliteit in pasgebore lammers gedokumenteer is. Hierbenewens het tot 40% van dragtige ooie geaborteer en het sommige ooie ook as gevolg van post partum-steurnisse en ander komplikasies gevrek.

Ooie aborteer gedurende of kort na die koorsfase van die siekte. Waar die aborsies eers na die koorsfase voorkom, kan 'n diagnose dikwels op grond van die tipiese weefselveranderinge en meer spesifiek met histopatologiese veranderinge in die fetale lewer gemaak word. Die pannekrose met die kenmerkende verspreide foki van koagulatiewe nekrose wat ooreenstem met die in die pasgebore lam kan soms ook in gevalle waar gevorderde outoliese reeds ingetree het waargeneem word. Waar die aborsies met die koorsfase saamval is dit nie altyd moontlik om die virus uit die fetus af te sonder nie en is die kenmerkende lewerletsels soos beskryf meesal afwesig. Die karakteristieke lewerveranderinge het nooit gepaard gegaan met enige inflammatoriese reaksie in die brein nie.

Slenkdalkoors kan eweneens as 'n siektetoestand by beeste beskou word, maar hier word baie selde hoë mortaliteite of kliniese waarneembare simptome aan gekoppel. Enkele aborsiestorms is al met die siekte geassosieer. Volgens Swanepoel was daar gedurende 1969 in Rhodesië buitengewone hoë mortaliteite en aborsies by beeste as gevolg van SDK. Volgens hom is daar 'n goeie korrelasie tussen die histopatologiese diagnose van SDK en serologiese toetse in beesfetusse.

Gedurende die afgelope 3 jaar is die muisbrein geattenueerde SDK entstof wydverspreid gebruik. Nieteenstaande herhaalde waarskuwings het boere nogtans die entstof in dragtige ooie gebruik in 'n laaste poging om vrektes te beperk. 'n Variërende persentasie aborsies het onder sulke ooie voorgekom. Die fetusse het nie die kenmerkende lewerletsels getoon nie, maar van die ooie wat gedurende die laaste week van dragtigheid geënt was het lammers gehad met 'n uitgesproke limfositêre meningo-enkelfalitis. Veral van belang was die *hydrops amnii,* artrogripose en die hidranenkefalie wat by fetusse voorgekom het. Hierdie afwykings is onlangs eksperimenteel bevestig.

(b) Wesselsbronvirus (WBS) [16 17 74 85]

Weiss en medewerkers[85] het in 1956 hierdie virus vir die eerste keer uit skape in die Wesselsbrondistrik afgesonder. Tydens hierdie uitbreek het baie van die swaardragtige ooie geaborteer. Hierdie werkers het ook daarin geslaag om aborsies met die virus in skape te verwek. Enkele volwasse doodgebore lammers is ook aangeteken.

Uit resente werk blyk dit dat die stadium van dragtigheid by die ooi belangrik is in soverre dit die persentasie van aborsies en die voorkoms van breinletsels betref. Slegs enkele van die ooie wat op 42–84 dae dragtigheid met die virus besmet is, het geaborteer of fetale resorpsie ondergaan. Van die ooie het die kenmerkende *hydrops amnii* ontwikkel en by die fetusse van hierdie ooie is hidranenkefalie en artrogripose waargeneem.

Beeste is ook vatbaar vir WBS virus, maar dit is nog nie voorheen gerapporteer tot watter mate die virus aan aborsies gekoppel kan word nie. Alhoewel WBS virus wydverspreid voorkom in Rhodesië was die siekte nog nie geassosieer met aborsies in beeste nie. Die bevindings is onlangs eksperimenteel bevestig deur beeste tussen 101 en 147 dae van dragtigheid te besmet. Uit die resultate blyk dit dat WBS nie 'n belangrike oorsaak van aborsie in beeste is indien besmetting tydens díe stadium plaasvind nie maar dat die virus wel teratologiese afwykings in die brein van die fetus kan veroorsaak.

(c) Bloutong (BT) [2 18 26 49 50 55 56 58 60 86]

Dit is reeds vir 'n geruime tyd bekend dat díe virus porenkefalie en hidranenkefalie in die fetale brein kan veroorsaak indien ooie op 'n sekere stadium van dragtigheid met die natuurlike of gemodifiseerde entstofvirus besmet sou raak. Bewyse is ook reeds gelewer dat die natuurlike virus in die beesfetus tot hidranenkefalie aanleiding kan gee indien die koei gedurende die kritiese periode van 100–130 dae dragtigheid besmet raak.

Hidranenkefalie en porenkefalie word slegs by uitsondering in pasgebore lammers hier ter plaatse aange-

teken en dit nieteenstaande die feit dat bloutongentstof dikwels in dragtige ooie gebruik word. Die rede hiervoor mag wees dat meeste ooie reeds op 'n jong ouderdom aan die virus blootgestel word hetsy deur enting of natuurlike besmetting en gevolglik 'n basiese immuniteit besit.

(d) Akabane virus[5 33 48 52]

Akabane virus kan ook met artrogripose en hidranenkefalie by pasgebore kalwers in verband gebring word. Selfs aborsies en doodgebore kalwers is al aan die virus toegeskrywe.

Die virus is al geassosieer met hierdie sindroom in Japan, Australië en Israel en sedertdien is daar ook serologiese aanduidings dat die virus wydverspreid in Suid-Afrika voorkom veral in kuddes waar hierdie sindroom waargeneem is.

Dieselfde abnormaliteite is ook reeds eksperimenteel verwek in skaapfetusse.

(e) BVD/Mukosasiektevirus (BVD/MS)[7 9 10 11 24 25 35 36 37 38 39 67]

Volgens serologiese ondersoeke kom hierdie virus ook wydverspreid in die skaap- sowel as die beespopulasie in Suid-Afrika voor. Die virus is reeds met perinatale verliese by beeste maar nog nie by skape in verband gebring nie. Alhoewel nie 'n belangrike oorsaak van perinatale verliese nie, is BVD/MS virus wel al geassosieer met sporadiese aborsies in beeste.

Behalwe vir fetale verwerping kan die virus fetale verstening veroorsaak of aanleiding gee tot doodgebore kalwers. Die vatbaarheid van die fetus vir die virus verminder namate fetale ontwikkeling vorder. Hipoplasie van die serebellum is die mees kenmerkende letsel wat deur die virus veroorsaak word. Retinale degenerasie, katarakte, hipoplasie en neuritis van die oogsenuwee gaan dikwels hiermee gepaard. Omdat dit 'n virus is wat ook slymvliese aantas word bloedings en ulserasies 1–3 mm in deursnee dikwels in die mondholte, esofagus, larinks, tragea, abomasum en konjunktiva gevind.

(f) Aansteeklike bees rinotrageïtis (IBR/IPV)[12 24 35 40 41 42 46 51]

Die invloed van hierdie virus op die asemhaling- en geslagstelsel van die bees is welbekend. Die virus kan behalwe vir fetale verwerping ook aanleiding gee tot fetale verstening en enkefalitis in kalwers.

Besmetting kom die kudde heelwaarskynlik deur draergevalle binne. Verspreiding geskied deur kontak, drinkbakke en voer. Die bul kan die virus vir lang periodes dra en afwisselend in die semen uitskei.

Aborsies kan gedurende enige tyd van dragtigheid voorkom, maar vind hoofsaaklik tussen 6–8 maande dragtigheid plaas. Selfs die geboorte van swakontwikkelde kalwers, wat binne enkele ure na geboorte vrek, kan voorkom. Sulke afwykings word dikwels met *Chlamydia*-besmettings gekoppel en kan verwarrend wees.

Die fetus word in 'n gevorderde stadium van vervloeiing verwerp. Die kenmerkendste makroskopiese letsel is die erge bloederige edeem om die niere wat soms teenwoordig is. Fokale nekrose in die lewer en limfkliere word dikwels waargeneem, maar kan ook in die nier, milt, adrenaalkorteks, brein, vel en pankreas voorkom. Histopatologies word die letsel in die nier gekenmerk as 'n erge hemoragiese nekrose van die nierkorteks.

Hoewel intranukluêre inklusies (Cowdry tipe A) nie konstant voorkom nie, kan dit wel in die adrenaal en hepatosiete voorkom.

Die letsels in die vrugvliese is minimaal en die degenerasie volg sekondêr op die afsterwing van die fetus. Daar is 'n hoë konsentrasie van virus in die kotiledons en van hier versprei die virus hematogeen of via die amniotiese vloeistof na die fetus. Die kotiledons is dus 'n goeie weefsel vir virusisolasie omdat virus soms nie van die fetale organe afgesonder kan word nie. Die diagnose kan ook gebaseer word op die aanwysing van 'n styging in neutraliserende teenliggaampies in gepaarde serummonsters.

(g) Bees Parainfluenza-3 Virus[32 75 76]

Alhoewel die virus uit die vrugvliese en baarmoederafskeidings van koeie wat geaborteer het afgesonder kan word, is die rol van die virus nog nie baie duidelik omlyn nie. Slegs enkele van die dragtige diere in 'n kudde aborteer en geen siektesimptome word waargeneem nie. Die geboorte van klein, swakontwikkelde, maar lewendige kalwers is ook 'n moontlikheid.

Die metode van oordraging en verspreiding is ook nog nie duidelik nie. Aborsies het egter voorgekom in kuddes waar dragtige koeie kontak gehad het met kalwers wat asemhalinginfeksies getoon het.

Daar is gewoonlik geen makroskopiese letsels in die fetus nie, maar mikroskopies is daar 'n nekrotiese brongiolitis in die akute stadium wat later ontwikkel in 'n fokale interstisiële pneumonie met peribrongiolêre rondesel infiltrasie.

Die diagnose berus op virusafsondering uit fetale weefsel en die demonstrasie van 'n stygende teenliggaamkonsentrasie. Enkel serumondersoeke het geen waarde nie. 'n Hoë persentasie van die beesbevolking het teenliggame teen die virus.

2. Bakteriese aandoenings

Net soos in die geval van virusaandoenings is daar 'n hele aantal bakteriese siektes wat direk of indirek by die voortplantingsdoeltreffendheid van herkouers betrokke is. Enkele voorbeelde word aangehaal.

(a) Chlamydiose[43 53 65]

Aborsies is slegs een manifestasie van 'n meer komplekse siektebeeld wat deur *Chlamydia psittaci* organismes veroorsaak word. Afhangende van klimaatsomstandighede, boerderymetodes, natuurlike weerstand en ouderdom van die dier kan die siektebeeld verskillende vorms aanneem. Benewens erkende aandoenings soos ensoötiese aborsie van skape en episoötiese aborsie van beeste blyk dit dat hierdie organismes ook verantwoordelik gehou kan word vir uitbreke van konjunktivitis, longontsteking en dermsteurnisse by lammers en kalwers.

Chlamydia organismes kan slegs intrasellulêr vermenigvuldig. Die besmetlike vorms, nl. die elementêre liggaampies is rond tot ovaalvormig en wissel in grootte van 200–300 nm. Die nie-besmetlike vorms, nl. die retikulêre liggaampies is pleomorfies en wissel in grootte van 500–1000 nm. *Chlamydia* organismes is besonder gevoelig vir sonlig, hitte en uitdroging. Antibiotika

beïnvloed slegs die elementêre liggaampies en het geen uitwerking op die retikulêre liggame nie.

Weinig is bekend oor hoe die organisme 'n vatbare populasie binnedring, dissemineer en verskillende siektetoestande verwek. Uit eksperimentele waarnemings blyk dit egter dat oordraging waarskynlik *per os* geskied en dat vrugvliese, baarmoederafskeidings en dooie kalwers die bron van besmetting is. Dit is ook bekend dat die organisme uit die dermkanaal en faeces van gesonde skape, bokke en beeste afgesonder kan word en dat hierdie draerdiere moontlik die siekte in vatbare kuddes kan laat posvat.

Alhoewel dieselfde organisme vir aborsies by beeste sowel as by skape verantwoordelik gehou word, blyk dit tog dat kontak tussen beeste en skape nie noodsaaklik vir die verspreiding en vestiging van die organisme is nie.

Die aantal koeie wat aborteer wissel na gelang van die immuunstatus van die kudde. In 'n vatbare populasie sal 30–40% van die dragtige diere aborteer. In kuddes waar die besmetting reeds gevestig is aborteer slegs enkele diere. Dit gebeur ook selde dat koeie 'n tweede keer aborteer.

Aborsies kom hoofsaaklik voor in koeie wat 7–8 maande dragtig is. Geen klinies waarneembare simptome van dreigende aborsie is in die koeie te bespeur nie. Heel dikwels word swak ontwikkelde maar lewendige kalwers gebore wat binne enkele ure vrek.

Beesfetusse wat voor sewe maande ouderdom verwerp word, wys weinig kenmerkende letsels behalwe bloederige onderhuidse edeem en vogaansameling in die bors- en buikholte. Die organe is gewoonlik in 'n gevorderde stadium van vervloeing en die vrugvliese is ooglopend edemateus en verdik.

Voltydse doodgebore kalwers, asook die wat lewendig aankom maar wat binne enkele ure vrek, wys speldpunt bloedings op die slymvliese van die tragea, tong, bekholte, abomasum en die konjunktiva. 'n Vergrote, geswolle lewer met onreëlmatige oppervlakte word soms aangetref. Die kenmerkendste letsel is egter die duidelike waarneembare limfadenopatie. Veral die mesenteriese limfknope is vergroot en edemateus. Ander makroskopiese letsels van belang is septale longedeem, askites, serofibrineuse pleuritis en peritonitis.

Histopatologies bestaan die lewerletsel uit 'n matige portale reaksie, Kupfferselproliferasie en enkele verspreide nekrotiese foki. Fokale nekrose in die nier met infiltrasie van mononukluêre selle asook nekrose in die milt tesame met proliferasie van die retikulo-endoteelsisteem word soms gesien. Die brongopneumonie soos vir *Brucella* gevalle beskrywe kom selde voor. Hierteenoor is pneumonitis en perivaskulêre "cuffing" van die kapillêre in die brein en meninges baie meer algemeen.

Chlamydia psittaci veroorsaak 'n nekrotiese plasentitis. 'n Fibrinopurulente eksudaat infiltreer die plasenta en 'n geelbruin eksudaat word gewoonlik aangetref tussen die uterus en chorion in die interplasentale en periplasentale areas. Die allantochorioniese membrane is edemateus met foki van nekrose, leukosiet infiltrasie en 'n nekrotiese vaskulitis. Verder is die plasentome nie erg aangetas nie en die geelgrys marokko-leeragtigheid van die interkotiledon area wat 'n kenmerk is in brucellose, word nie in chlamydiose waargeneem nie. In albei die siektes kan groot hoeveelhede eksudaat die vrugvliese bedek. Organismes is meestal tot die interkotiledon area beperk.

Die persentasie ooie wat aborteer wissel na gelang van die immuunstatus van die kudde. In ten volle vatbare kuddes mag 60–70% van die ooie aborteer. In kuddes waar die besmetting meer kronies is, kan van 5–10% aborsies per jaar plaasvind.

Die ooi toon geen tekens van sistemiese siekte of naderende aborsie nie. Die eerste teken van vrugresorpsie is 'n swak lampersentasie. Die boer verkeer onder die indruk dat die ooie oorgeslaan het.

Vroeg in die uitbreek sal die oplettende boer aborsies onder ooie wat 2–3 maande dragtig is, opmerk. Dikwels is bloedvlekke aan die hakskene en op die melkspieël die enigste sigbare teken. Die nageboorte, wat dikwels agterbly, mag ook sigbaar wees. Hierdie lammers word selde gevind. Tekens van verstening of mummifisering word algemeen gesien. Oppervlakkig beskou, mag dit verkeerdelik as misvormings gediagnoseer word.

Namate die verwagte lamtyd naderkom, word groter lammers wat kort na afsterwing verwerp word en wat heeltemal vars mag wees, opgemerk. Gedurende hierdie tydperk begin ook die eerste vroeggebore, klein, maar lewende lammertjies aankom. Hulle mag, hoewel swak, heeltemal lewensvatbaar wees en onder gunstige toestande normaal ontwikkel.

In die geval van aborsies en vroeggebore lammers bly die nageboorte gewoonlik vassit, hoewel die lam ook net so in sy vrugvliese afgegooi mag word. As komplikasie van die agtergeblewe nageboorte kan baarmoederontsteking ontwikkel. In die Republiek word sulke gevalle egter selde teëgekom.

(b) Vibriose[24 35 65]

Vibriose is 'n toestand wat in beeste aanleiding gee tot vroeë embrionale afsterwing, onreëlmatige estrussiklusse, verlaagde vrugbaarheid en met uitsondering enkele aborsies. Dit moet as een van die belangrikste oorsake van onvrugbaarheid in die Republiek beskou word. Slegs enkele van die *Vibrio* spesies of *Campylobacter* soos dit vandag bekend staan is patogeen. Wat die bees betref is slegs *C. fetus* subsp. *foetus* en *C. foetus* subsp. *intestinalis* van belang. Eersgenoemde kan net in die geslagskanaal van die bees vermenigvuldig nie.

Die steriliteitsverwekkende *C. foetus* subsp. *foetus* word by uitstek deur middel van dekking versprei. Onder spesiale omstandighede is dit egter wel moontlik dat hierdie organismes van bul tot bul oorgedra kan word – bv deur hantering gedurende versameling van saad en deur besmette beddegoed.

Die vroulike dier is deurgaans vatbaar vir die siekte. Die organisme gee aanleiding tot 'n anterior vaginitis en fokale endometritis. Meeste van die vroulike diere ontwikkel 'n weerstand na blootstelling. Enkeles bly egter draers en dien as bron van besmetting vir die volgende teelseisoen. Bulle kan na blootstelling tydelik of permanent besmet raak. Die jonger bulle verloor weer die infeksie maar bly 'n gevaar gedurende die teelseisoen, want hulle tree op as meganiese draers. Bulle ouer dan 3 jaar bly gewoonlik permanent besmet.

C. foetus subsp. *intestinalis,* in teenstelling, is van meer belang sover dit aborsies betref. Hoe die toestand in die bees versprei is onbekend. Dit is egter duidelik dat hierdie stam 'n besondere tropisme vir die dragtige baarmoeder vertoon maar die organisme kan ook uit die faeces van normale beeste en skape afgesonder word.

Indien aborsies voorkom is dit gewoonlik beperk tot enkele gevalle in koeie wat tussen 4–7 maande dragtig is. Slegs met uitsondering word groter fetusse verwerp. Die verse of koeie wys geen siektesimptome nie en geen spesifieke letsels in in die fetus waarneembaar nie. Die fetus word kort na afsterwe in 'n vars toestand verwerp.

Die vrugvliese is edemateus en bloedryk, maar is egter nie so erg aangetas as wat in *Brucella*-besmette gevalle gevind word nie. Die kotiledons is bloedryk, bros en nekrose kan in enkeles waargeneem word.

Vibriose by skape is 'n siektetoestand wat gekenmerk word deur laat aborsies, die geboorte van volwasse dooie lammers of swak lewendige lammers wat binne die eerste paar dae na geboorte vrek. Die veroorsakende organisme is *C. foetus* subsp. *intestinalis* en besmetting geskied deur die inname van besmette kos of drinkwater.

Die besmetting is eers gedurende die laaste paar jaar in skape in Suid-Afrika vasgestel en dit is hoofsaaklik onder ingevoerde diere waar die probleem ernstige afmetings aangeneem het.

Die belangrikste teken van die teenwoordigheid van vibriose in skape is die voorkoms van aborsies 2–4 weke voor die lamseisoen aanbreek. In werklikheid is daar enkele vroeë aborsies wat gewoonlik ongemerk verbygaan. Dit is juis hierdie aborsies wat die weiding en waterbronne besmet. Ooie 4 maande dragtig is besonder gevoelig vir die infeksie en 'n aborsiestorm word ontketen. Tussen 20–60% van vatbare ooie mag aborteer 10–18 dae na infeksie. In kuddes waar daar alreeds 'n weerstand bestaan is die aborsies selde meer as 50%. Hierdie enkele aborsies kan ongesiens verbygaan of soms as normaal aanvaar word. Daarom is dit hoofsaaklik net met nuwe uitbreke waar die diagnose gemaak word.

Campylobacter foetus subsp. *intestinalis* (Berg serotipe C) wat aborsies by skape kan veroorsaak gee aanleiding tot 'n kenmerkende letsel in die lewer van die fetus. Die letsel kom in ongeveer 10% van lammers voor en bestaan uit 'n aantal ligbruin omskrewe opgehewe nekrotiese areas van 1–2 mm tot self 10–20 mm in deursneee. Hierdie lewerletsels moet egter onderskei word van putrifaksie en nekrobassilose wat met naelstringinfeksies gepaard gaan.

(c) Leptospirose[24 35 71 78]

Leptospirose is 'n siektetoestand wat 'n wye gasheerspektrum openbaar en net met uitsondering as oorsaak van fetale verwerping by beeste in Suid-Afrika in verband gebring kan word.

Die indringsvermoë van *Leptospira* is afhanklik van die virulensie van die organisme en die weerstand wat die gasheer openbaar. Indringing vind plaas deur die slymvliese, velwonde en deur *per os* inname van besmette water. Die organismes lokaliseer in die urinogenitale stelsel en word deur die uriene uitgeskei. Die introduksie van besmette beeste, varke of knaagdiere word deurgaans verantwoordelik gehou vir die verspreiding onder 'n vatbare populasie.

Kliniese simptome van besmetting kan aborsies voorafgaan, maar dit kan ook dikwels gebeur dat geen tekens dat daar 'n afname in melkproduksie is, dat die melk rooi gekleur is en dat die koei vir 'n dag of twee kroes is. Onder sekere omstandighede kan mortaliteit onder kalwers en enkele volwasse beeste voorkom. In hierdie gevalle is die geswolle geel lewer, algemene geelsug en bloedings in die niere kenmerkend.

Alle besmette koeie sal nie noodwendig aborteer nie. Die koei aborteer gewoonlik 2–3 weke na die akute fase verby is. Die fetus word 24–48 uur na afsterwe verwerp en dus is daar weinig kenmerkende letsels te bespeur.

Omdat die fetus eers 24–48 uur na afsterwe verwerp word is dit uiters moeilik om die organisme uit fetale weefsel af te sonder. Uriene en vrugvliese van verdagte gevalle kan vir immunofluoresensieondersoeke aangebied word. Die organismes kan ook met spesiale kleuring (Levaditi en Warthin-Starry) in die histologiese snitte van niere en vrugvliese opgewys word. Immunofluoresensie verskaf beter resultate in geoutoliseerde fetusse, maar in vars materiaal is histopatologie gekombineer met kweking van die bakterium meer doeltreffend as immunofluoresensie.

Besmette gevalle kan ook geredelik serologies geïdentifiseer word. Hiervoor word serummonsters benodig wat gedurende die akute fase en weer 3 weke later geneem is. 'n Styging in die agglutinasie-titer kan as betekenisvol aanvaar word.

(d) Listeriose[8 23 24 35 47]

Listeriose kom wêreldwyd voor, het 'n wye gasheerreeks en word gekenmerk deur septisemie, enkefalitis of sporadiese aborsies. Dit gebeur selde dat meer as een van die drie sindrome tesame voorkom. Behalwe vir die onlangse uitbreek in bokke in die westelike Kaapprovinsie, is die siekte nog nie vantevore by herkouers in die Republiek vasgestel nie.

Die organisme dring die liggaam binne deur slymvliese van die asemhaling- en spysverteringstelsels. Die lae indringingsvermoë verklaar waarom slegs enkele diere klinies-waarneembare simptome van besmetting openbaar. Latente draers kom dikwels voor. Behalwe dat *L. monocytogenes* wydverspreid in die natuur voorkom en dat besoedelde hooi, kuilvoer en water heelwaarskynlik die bron van besmetting is, wil dit voorkom asof bosluise (*Dermacentor* en *Ixodes* spesies) ook 'n rol in die verspreiding van die siekte kan speel. Die organisme kan uit semen van besmette bulle afgesonder word, maar nog geen bewys van veneriese oordraging is gedokumenteer nie.

So ver dit aborsies betref, is dit hoofsaaklik koeie wat tussen 7–8 maande dragtig is wat fetale verwerping ondergaan. Die dier wys geen siektesimptome nie en ook geen tekens van 'n dreigende aborsie nie. As die besmetting voor die 7de maand van dragtigheid posvat kan dit gebeur dat die konseptus eers 4–5 dae na afsterwe verwerp word.

As gevolg van die geoutoliseerde toestand van die fetus is die histopatologiese ondetsoek van die fetus onbevredigend. Makroskopiese letsels word in ongeveer 13% van lammers en fetusse gesien en bestaan uit fokale nekrose van die lewer, long, milt en adrenaalkorteks. Mikro-absessies kan mikroskopies in bogenoemde organe voorkom in die afwesigheid van makroskopies waarneembare letsels. Koagulatiewe nekrose in die lewer kan dikwels in meer as 70% van gevalle gesien word en die bakterieë kan dan in die foki opgewys word.

Fokale nekrose in die kotiledons kan in party gevalle erg wees sodat wit kolletjies met die blote oog sigbaar is.

Die diagnose berus op die afsondering en identifikasie van die organisme. Deur die orgaanmateriaal vir 'n tydperk (1–6 maande) by 4°C te stoor word die kweking van die bakterium vergemaklik. Verwarring met *Streptococcus* en *Haemophilus* organismes in smere van aangetaste orgaanmateriaal is moontlik. Hierdie probleem kan oorbrug word indien van immunofluoresensie-tegnieke gebruik gemaak . word.

(e) Salmonellose[24 28 29 30 35]

Salmonellose is 'n siektetoestand van huisdiere wat 'n wesenlike gevaar vir die mens inhou. Aborsies is slegs 'n enkele sindroom van *Salmonella*-besmettings en indien aborsies in die besmette kudde voorkom is dit dan ook net in enkele gevalle en selde meer as 5–10% van die besmette diere.

Die organisme het 'n wêreldwye verspreiding en word net by uitsondering as die oorsaak van aborsies by beeste in die Republiek gevind. *Salmonella dublin* is by uitstek die serotipe wat uit fetale materiaal afgesonder kan word. Hierdie organismes is moeilik van ander dermbakterieë te onderskei en derhalwe moet uitgebreide serologiese en biochemiese ondersoekmetodes gebruik word. Die organisme vestig gemaklik in die dermkanaal en 'n groot aantal dermdraers kan geïdentifiseer word. Enkele van die serotipes kan vir etlike maande in grond lewe.

Daar bestaan die moontlikheid dat geslagtelike oordraging in skape kan plaasvind, maar geen bewys is egter gevind dat dit in beeste ook kan gebeur nie. Besmetting kom gewoonlik die kudde binne deur die aankoop van draerdiere, maar 'n verdere moontlikheid is dat knaagdiere voedselbronne soos karkas- en vismeel kan besmet.

Geen siektetekens word in die gevalle wat aborteer gesien nie. Aborsies vind gewoonlik plaas in koeie wat tussen 6–8 maande dragtig is en fetale afsterwe volg op 'n *in utero* septesemie. Die konseptus word in 'n gevorderde toestand van ontbinding verwerp, maar klein afgebakende areas van lewernekrose kan soms nog waargeneem word.

